Gimmie Griffie

19 Julie 2018

Webtuiste: www.gimmies.co.za ***Uitgawe: 20***

GEAGTE OUERS

Baie welkom terug na die winter-vakansie. Ek hoop almal is uitgerus en lus vir die nuwe kwartaal. Dankie aan al die personeel en leerders wat die vakansie by 'n verskeidenheid aktiwiteite betrokke was. Geluk aan almal wat goed presteer het, daar was uitsonderlike prestasies. Baie sterkte vir die matrieks met die laaste deel van die werk en die rekordeksamen. Voorspoed aan al die spanne wat nou met die finale uitspeelwedstryde besig is, ons hoop dat dit baie goed sal gaan.

Baie dankie aan elke ouer en leerder wat saamgewerk het dat die eksamen vlot verloop het. Ouers kan die rapporte op Woensdag 25 Julie by die skool afhaal. Baie belangrik, die program is soos volg:

Woensdag 25 Julie: 18:00 gesamentlike ouervergadering in saal. BL-spreekbeurt en baie goeie spreker, Myan Subrayan, rakende ons kinders. Na afloop van die vergadering word die rapporte uitgedeel en kan ouers personeel op 'n instapbasis tot 19:30 sien.
Donderdag 26 Julie: oueraand vanaf 17:30 tot 18:30. Maak asseblief afsprake by Marlize Aucamp by ontvangs.

Vrydag 27 Julie: Koshuisouers wat nie Woensdag of Donderdag teenwoordig kon wees nie, kan rapporte vanaf 13:00 by die kantoor afhaal. U kan dan ook personeel per afspraak vanaf 13:30 tot 14:30 spreek. Ouers moet asseblief 'n afspraak vooraf by Marlize Aucamp maak sodat personeel beskikbaar is.

Matrieks se *40 Days* is Vrydag 27 Julie by *The Roots*. Die matrieks kom glad nie skool toe nie, die Gimmieraad en voogde sal reëlings tref.

Gimmiegroete,
RA Oosthuizen

VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Dinsdag 24 Julie
UJ FIMO-olimpiade

Woensdag 25 Julie
Ouervergadering

Donderdag 26 Julie
Afspraakoueraand
Wiskunde-olimpiade (rondte 3)
Seunshokkie: Noordvaal A-afd. & o/14 (Curro); o/16 & o/19 (NWU)
Seunshokkie: Noordvaalfinaal A- en B-afdeling

Vrydag 27 Julie
Seunshokkie: Noordvaal A-afd. & o/14 (Curro); o/16 & o/19 (NWU)
Seunshokkie: Noordvaalfinaal A- en B-afdeling
Gr. 12 Musiek III (rekordeksamen)

Saterdag 28 Julie
Seunshokkie: Noordvaal A-afd. & o/14 (Curro); o/16 & o/19 (NWU)
Seunshokkie: Noordvaalfinaal A- en B-afdeling
Dogtershokkie: Uitspele Noordvaal (kwalifiseer) Waterkloof (tuis)
Rugby: Virseker (kwalifiserend)
Landloop (9): Fochville

RUGBY

Die o/15A-span speel Saterdag 21 Julie by Volkies (10:10 op A-veld).

NETBAL

Gimmies se o/15A-netbalspan is wenners van die gesogte Coke-netbaltoernooi wat op 13 en 14 Julie by Volkies plaasgevind het.

SEUNSHOKKIE

Die o/14- en eerstespan (NW-wenners) het gekwalifiseer om aan die Noordvaal-toernooi deel te neem.

Die eerstespan speel Donderdag om 12:40 tuis (NWU) teen Menlopark en om 17:20 teen Ben Vorster. Kom ondersteun asseblief die spelers.

Die o/14-span speel in Klerksdorp (Curro).

Die o/16-span speel by *Hockey Farm* (Witbank).

SKAAK

Baie geluk aan Anaïs Saayman wat gedurende die vakansie aan die *Commonwealth Chess Championships* in New Delhi, Indië, deelgeneem het.

Sy verteenwoordig Suid-Afrika as lid van die o/16-span en speel teen van dié beste spelers waar sy 2,5 punte uit 7 behaal het. Voorwaar 'n puik prestasie!

SA-DUBBELKAMP

Marco Taljaard word as SA- kampioen in die jeugafdeling gekroon.

BERGFIETSRY

SA Marathon Champs – Grabouw:
Brendan en Joné van Eeden eindig albei 4de in hulle onderskeie afdelings.
Kirsten Pieters het ook deelgeneem en goed presteer.

SA Cup #4 – Nelspruit
Joné eindig eerste en Brendan sesde in hulle ouderdomsgroep.

Magalies Monster – Buffelspoort
Joné (1ste) Dames Half Maraton.
Brendan (2de) Mans Half Maraton.
Kirsten (5de) Mans Half Maraton.

USN Mtb Cup #2
Natasha Roets (1ste) Dames Half Maraton.

VELDMOTORFIETS

Maarten van Jaarsveld het die afgelope vakansie aan twee veldmotorfiets-wedrenne deelgeneem. Hy behaal 'n 17de plek algeheel en 'n 5de plek in die OR3-professionele kategorie tydens die Toyota 1 000 in Botswana (wat ook deel uitmaak van die kwalifiserende ronde van die Dakar-tydren). Maarten behaal ook 'n 3de plek in die OR 3-kategorie

tydens die noordelike streke Veld-motorfietsreeks.

LANDSDIENS

Die volgende leerders is gekies as verteenwoordigers van Noordwes by die nasionale Landsdienskamp in Desember te Jeffreysbaai: Ankia van der Westhuizen, Daru Pretorius, Marna van der Schyff, Heidi van Tonder en Elizna Pretorius.

Om te kwalifiseer vir hierdie besondere prestasie, moes elkeen van hierdie leerders hulself as leier op verskillende gebiede bewys.

Shané Snijman is gekies as verteen-woordiger van Noordwes by die interprovinsiale Landsdienskamp. Hier-die kamp fokus op ontwikkeling van leerders se leierseienskappe en holistiese waardes. Shané is individueel aangewys as kandidaat vir hierdie ontwikkelingskamp.

Baie geluk, Gimmies is trots op julle.

CHEERLEADERS

Die *Cheerleaders* het op 30 Junie Noordwes by 'n nasionale *Cheerleading*-kompetisie in Oudtshoorn verteen-woordig en uitstekend presteer. Al-hoewel dié span nog net ses maande geoefen het, en die ander spanne al meer as drie jaar bestaan, het hulle 'n vierde plek behaal.

Hierdie groot prestasie was glad nie sonder die borg van Theo-eiendomme moontlik nie. Gimmies wil graag vir mnr. Theo Volschenk hartlik bedank vir sy aandeel in die *cheerleaders* se prestasie.

WISKUNDE KLASSE!!

Indien u hulp benodig na die afgelope eksamen, skakel Andriette van den Berg by 082 568 7273.

- ***Loopafstand vanaf Gimmies***
- ***Persoonlike aandag***
- ***Goeie ervaring & kwalifikasies***

MEENTHUIS TE HUUR BAILLIEPARK

Netjiese en ruim tweeslaapkamer, dubbelgeriewe meenthuis @ R7000p/m.

- In veiligheidskompleks
- Besproeiingsisteem
- Ingeboude braai
- Elektriese hek en motorhuis

Beskikbaar vanaf 1 Augustus 2018.
Kontak: 083 412 9100 / 071 673 5788

BODY

BOUTIQUE

HANNON/FRAGRANCES/GIFTS

boutique@advancedbody.co.za
Tel: 018 294 3839

70 Steve Biko
Avenue
Potchefstroom
2531

This voucher entitles you to a free mini makeover!

In store promotions available for July 2018!

✂----------